13/09/2020 | Sel: 061 470 3626 | E-pos: admin@tuinedal.co.za

# GEMEENTEBULLETIN

## Eredienste

Ons is baie opgewonde oor die eredienste wat weer by die kerk plaasvind. Dis heerlik om mekaar weer in die oë te kan kyk.

- Reëlings vir erediens bywoning:
  - Erediens sal om 9:00 plaasvind. **Kom bietjie vroeër om in te teken**.
  - Daar is 'n beperking van 50 lidmate wat die diens kan bywoon.
  - Daar sal streng aan COVID-19 regulasies voldoen word. (bv. toets vir temperatuur en dra van maskers)
  - Onthou om **elke week** jou plek vir die komende Sondag se erediens te bespreek by Betsie (0614703626).
  - Bespreek asb. jou plek Vrydag teen 12:00 sodat al die nodige reëlings getref kan word.
  - Almal is steeds welkom!

"EK SAL JOU NIE IN DIE STEEK LAAT NIE, JOU NIE VERLAAT NIE."
– JOSUA 1:5

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no:
**114 289 5416,**
Takkode: 198-765
Kaart-fasiliteit by die kantoor beskikbaar.

## Deurkollekte

Die deuroffer op 06/09 was **R452** vir die Bediening aan Dowes, **baie dankie**!
Deurkollekte vandag: Noodvoeding.

# VOORBIDDING

*Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."*

- ...vir ons **skoolkinders** en die hele skoolsisteem. Vir pragmatiese oplossings en die vermoë om aan te pas by die nuwe normaal. Veral vir ons **matrieks**, wat hierdie week met rekordeksamen begin. BAIE STERKTE!!
- ... vir die **leierskap en kerkraad** van Tuinedal. Vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid. Vir onderkeidingsvermoeë en waagmoed om besluite te neem en deur te voer. *Vir die huidge prosesse rondom Laerskool George-Suid en NG George-Suid.*
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Koronavirus, die ontwikkeling van 'n teenmiddel en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het.
- ...vir die **welstand van gesinne**. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ...vir die **ekonomiese klimaat** in ons land, verantwoordelike rentmeesterskap, etiese leierskap en goeie finansiële bestuur.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in Sjina; Stéphan en Carina & Elmar en Nadine in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & E.J. en Koekoes in Kamieskroon onder YFC.

*Siekes en ongesteldes* in ons gemeente: **George Delport** (operasie), **Francois Calitz** (operasie), **Bokkie Coertse** (rug), **Elmarie Bergh** (kanker), **Johan Kotze** (rug), **Peet Henning** (knievervanging), **Thys de Beer** (kanker), **Anelda Jacobs** (13) (kanker) en almal wat herstel na kankerbehandeling.

---

# VERJAARSDAE

*Baie geluk!*

Vandag 13 September **Adriana Potgieter** BW1, **Amanda Campher** 0793217597 BW5, **Annatjie Kotzé** 0766143668 BW2 & **Natalie Goodman** K2
Môre 14 September **Comine Vermeulen** 0837721262 Bos3
Dinsdag 15 September **Jaco Calitz** 0724430525 Bos2
Woensdag 16 September **Deon van der Bank** 0724527284 BW4 & **Denise Sampson** 0734241605 PA4
Donderdag 17 September **Chareen Terblanche** 0827748889 Dor2
Saterdag 19 September **Casper van Wyk** 0725396347 K1 & **Lynette van Zyl** 0721239671 BW8

GW = Groeneweide Park, BW = buitewyk, Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif.